

21 April

Skrifgedeelte: Psalm 141

Fokusgedeelte: Psalm 141:4

Plaas 'n wag voor my mond

Psalm 141 is geskryf in 'n tyd wat Dawid groot nood beleef het. Dit was waarskynlik in die lang jare wat hy deur sy skoonvader, Saul, vervolg is. In die psalm word die stryd van die vrome wat hom teen die boosdoener moet verdedig aan ons geteken.

Die psalmdigter bid, soos in baie ander psalms, om bewaring in die stryd. Die besondere in hierdie psalm is egter dat die digter die *versoekings van die gelowige* in hierdie stryd beklemtoon.

Dit kan so maklik gebeur dat die gelowige, juis as ander mense hom vervolg, kwaad word en meer sê as wat hy mag en dat hy, byvoorbeeld, taal gebruik wat 'n bespotting van sy geloof maak.

Omdat Dawid dit besef bid hy: "Sit 'n wag voor my mond, Here hou tog wag oor wat ek sê." As God hom nie so bewaar nie, sal hy net soos die wat hom verontreg, die gebod van die Here oortree.

Ons leef in 'n wêreld vol van stryd – en daarby in 'n tyd waarin so baie dinge verander. Dikwels is hierdie veranderings buite ons beheer. Die gelowige moet egter elke keer as die Eer van God aangetas word sy stem laat hoor!

Tog mag ons nie opstandig word en meer sê as wat ons mag en as wat by 'n Christen pas nie. Ons mag ook nooit vergeet dat God tog nog altyd alles volkome beheer nie.

Kom ons bid vandag weer dat die Here ons sal bewaar van die oorhaastige en liefdelose woord en dat ons hierin meer navolgers van Christus wat geswyg het in sy lyde vir ons sonde word.

Sing: Psalm 119:19 Dr HA van Dalsen (Emeritus)